

## Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Augustus 2018 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 9-1:1, 8, 11 (Sb 26)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke<sup>en</sup> donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 8 Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie, / maar liefde moet jou steunsel wees.  
Jy mag die heil'ge eg nie breek nie, / maar, kuis van hart, die HERE vrees.
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade<sup>is</sup> al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

Skrifberyming 10-1:1, 2, 4 (Sb 28)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,  
ons bid in stille<sup>en</sup> eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,  
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,  
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos  
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.
- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want  
ons is so swak. Verlos ons van / die Bose<sup>en</sup> as hy sy vangnet span.  
Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

**Skriflesing:** Genesis 1:26-31; 9:1-7; Heidelbergse Kategismus, Sondag 40

**Kernvers:** Genesis 1:26; 9:6

**En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.**

(Genesis 1:26 AFR53)

**Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak.**

(Genesis 9:6 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?**

*Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).*

*(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Efes 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.*

### **Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?**

*Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan soos afguns (a), haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).*

*(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.*

### **Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?**

*Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).*

*(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.*

### **Tema: Om die beeld van God in alle mense te eerbiedig**

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die sesde gebod is beslis 'n toetssteen om te sien hoe beskaafd mense al regtig geword het. Dit is in mense se reaksie wanneer iemand anders hulle na bewering benadeel wat 'n mens kan sien hoe beskaafd hulle regtig is.

Jy stap met 'n beker stomende koffie en iemand stamp per ongeluk jou arm dat jou koffie oor jou nuwe rok mors. Jy is rustig op pad werk toe en vanuit nêrens kom die taxi by jou verby net om voor jou sy noodflikkers aan te sit om iemand op te laai. Wat is jou eerste reaksie in sulke gevalle? Snou jy die een wat jou per ongeluk gestamp het 'n skelwoord toe? Swaai jy jou vinger verwoed rond vir die onbedagsame bestuurder van die taxi? Daarom sê ek dat die sesde gebod die toets is of 'n mens al regtig beskaafd is.

In die sesde gebod spreek die Here ons aan oor die lewe van ander mense sowel as oor ons eie lewe. Normaalweg wanneer ons van die lewe van 'n mens praat, dink ons aan twee dele van sy lewe – sy liggaamlike lewe en sy geestelike lewe. Liggaamlike lewe verwys na 'n mens wie se hart wat klop en wat asem haal. Sy geestelike lewe het te doen met sy gedagtes en siel.

Toe God die mens as 'n mens met 'n liggaam en 'n gees geskep het, het Hy nog 'n dimensie van die lewe vir die mens tot stand gebring. Hierdie derde dimensie is die mens se verhoudingslewe – sy verhouding tot God en tot ander mense. Toe God die eerste mens geskep het, het Hy ook 'n verhouding tussen Homself en die mens geskep. Toe God die mens se vrou geskep het, het Hy nog 'n verhouding geskep – die verhouding tussen man en vrou. Toe God aan die eerste egpaar 'n kind gegee het, het Hy die verhouding

tussen ouers en kinders geskep. En toe die egpaar 'n tweede kind kry, is die verhouding tussen broers geskep.

In die sesde gebod staan hierdie verhoudings van mense tot God en mekaar sentraal. God verbied dat hierdie verhoudings tussen Hom en die mens, en tussen mense onderling, op enige manier bedreig of verbreek word. Om agter te kom hoe ek en jy die beeld van God in alle mense moet eerbiedig, gaan ons na die volgende drie sake kyk:

- Die sesde gebod en die mens se verhouding tot God
- Die sesde gebod en die mens se verhouding tot ander mense
- Die verlossingswerk van Christus

Broers, susters en kinders, toe God die mens geskep het, het die Here die mens in 'n besondere verhouding met Homself geplaas. God het die mens na sy beeld en na sy gelykenis gemaak. Ons verstaan die beeld van God in die mens so: die mens is goed, regverdig en heilig geskep sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem. Waarmee die mens dus ook al besig sou wees, moes hy God se heiligheid en regverdigheid weerspieël het.

God wil hê dat die mens met die skepping en met mekaar moet optree soos wat God met sy skepping en met mense optree. Dit wil sê, die mens is deur God geskep om God te verteenwoordig soos 'n ambassadeur op aarde. Daarom is die mens na die beeld van God geskep.

Hieruit kan ons agterkom dat die mens se lewe onafskeidbaar verbind is met die edele posisie waarin God die mens geplaas het. Die mens se lewe is nie sy eie nie. God het aan die mens die lewe gegee met die oog op hierdie edele taak wat hy het om beeld van God te wees. Daarom moet die mens niks doen wat hom sal verhoed om hierdie taak te vervul nie.

Wat sy eie lewe betref, ***mag hy homself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie***. Sulke dinge sal sy lewenstaak om beeld van God te wees bedreig. Daarom mag die mens ook nie sy eie lewe in enige stadium neem nie. Dit gebeur dat 'n mens moeg kan word vir die lewe oor al die moeilikhede en teleurstellings wat jy beleef. Daar is mense wat dan in sulke omstandighede hulle begeerte om te lewe ook verloor en party gaan dan sover om hulle eie lewe te neem.

Deesdae word daar ook in ons samelewing al meer en meer gepraat van genadedood. Iemand het terminaal siek geword as gevolg van kanker of watter verskriklike siekte ook al. In plaas daarvan om pyn te ly en die vernedering van swak word en hulpeloos wees, wil die mens eerder met of sonder bystand 'n einde maak aan sy tragiese lewe hier op aarde.

Dit maak nie saak op watter manier 'n mens 'n einde aan jou eie lewe wil maak nie, 'n mens wat dit doen, is besig om sy taak as beeld van God te bedank. Hy sê daarmee dat hy nie meer God se verteenwoordiger of ambassadeur op aarde wil wees nie. Maar niemand het die reg om die posisie waarin die Here hom geplaas het sommer net so te verlaat nie. Anders as wat hierdie mens self dink, is sy lewe nie sy eie om daarmee te maak wat hy wil nie. Hy is veronderstel om God se verteenwoordiger te wees totdat God hom vrystel van hierdie opdrag op die dag wanneer die Here hom laat sterf.

Tot op daardie dag het die mens die opdrag om beeld van God te wees te midde van watter omstandighede ook al. God wat die mens aangestel het as beeld van Hom is ook die God wat die mens se hele lewe regeer en beskik. Daarom kom hierdie moeilike tye nie per toeval in die mens se lewe nie. Die moeilike tye is die tye waarin die Here die mens

toets in sy taak; dit kan daarom nie 'n verskoning wees om jou roeping as beeld van God te bedank nie. Die gelowige kan immers vertrou dat die Here ook die krag sal gee om hierdie beproewings te dra.

Afgesien daarvan dat die gelowige na sy eie lewe moet omsien, moet hy ook sorg dra vir die lewe van sy naaste. Want net soos hy is sy naaste ook deur die Here aangestel om beeld van God op die aarde te wees. Daarom mag 'n mens nie iemand anders beseer en nog minder sy lewe neem of in gevaar stel. Ek en jy moet niks doen wat ons naaste sal verhinder om hulle roeping as beeld van God te vervul nie.

Dit is 'n baie ernstige saak om iemand skade aan te doen of selfs dood te maak. Dink so daaraan. Wie 'n ander mens aanval, is besig om God aan te val na wie se beeld daardie mens gemaak is. Dit is soos wanneer 'n regering sou beplan om die ambassadeur van 'n ander land dood te maak. So 'n misdad is nie maar net 'n aanval teen die mens wat die ambassadeur was nie. Dit word gereken as 'n aanval op die land wie se ambassadeur dit was. Net so is die aanval of moord op 'n ander mens in werklikheid 'n aanval op die Here self.

Om hierdie rede het die Here die owerheid ingestel om oortreders te straf. Volgens die reg van die Here – en nie volgens menseregte nie – behoort 'n moordenaar met die dood gestraf te word.

**Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak.** (Genesis 9:6 AFR53)

Dit is jammerlik ironies dat die sogenaamde beskaafde mense van die een en twintigste eeu die doodstraf as barbaars sien. En tog is dit dieselfde regerings en mense wat aborsies wettig maak. Hulpelose babatjies word vermoor, maar teen 'n moordenaar mag daar nie 'n vinger gelig word nie. Waar die voorregte wat die Here aan die mens gegee het, menseregte word wat meer tel as die Here se reg, is chaos die voorland.

Maar wat anders kan 'n mens verwag in 'n wêreld waar die Here nie as die Skepper van die lewe erken word nie, maar die teorie van evolusie word aanvaar. Die mens word op dieselfde lyn as alle ander skepsels geplaas. Ja, daar word gesê dat die mens 'n meer gevorderde

en ontwikkelde lewe het as diere, maar vir die voorstanders van die evolusieteorie is dit net 'n graadverskil. In werklikheid is die mens vir hulle net 'n gevorderde dier. Wanneer die besondere verhouding tussen God en die mens nie meer erken word nie, word die mens se lewe ook nie meer hoog geag nie.

Die sesde gebod het veral te doen met die verhoudings wat God tussen mense geskep het. God het hierdie verhoudings tussen mense geskep sodat mense gemeenskap met mekaar kan hê, want dit is nie goed dat die mens alleen is nie, het die Here gesê. Die Here het hierdie verhouding tussen mense gevestig sodat hulle mekaar ook in die lewe kan ondersteun. Mense het ander mense nodig en hulle het 'n verantwoordelijkheid vir mekaar. 'n Mens kan nie soos Kain maak en vra: *Is ek miskien my broer se oppasser*, nie. In die sesde gebod verbied die Here enigiets wat hierdie verhouding tussen mense kan bedreig of verbreek.

Met die sondeval, weet ons, het die mens geestelike gesterf. Die hegte verhouding wat die mens voorheen met God gehad het, was daarmee heen. Met sy misdad het die mens 'n kloof tussen hom en God geskeur. Daarom is die mens geestelike dood. Hierdie geestelike dood het ook sy verhouding met ander mense bederf. Van nature is sondaars

selfsugtig en dink net aan hulle self en hulle eie belange. Daarom gebeur dit dat mense maklik afgunstig word omdat iemand anders iets het wat hy eintlik wil hê. En as hierdie afguns nie in die kiem gesmoor word nie, lei dit tot moord.

Dit is wat met koning Agab van Israel gebeur het. Hy was afgunstig teenoor Nabot omdat Nabot 'n wingerd gehad het wat hy graag wou hê, maar nie kon kry nie. Agab se afguns en begeerte het aan sy goddelose vrou Isebel bekend geword en sy het Nabot laat vermoor ter wille van haar man. Afguns het ook die Joodse godsdienstige leiers in die dae van Jesus oorheers. Hulle kon dit nie verdra dat so baie mense Jesus gevolg het nie. Daarom wou hulle van Hom ontslae raak.

Die gevalle mens is van nature ook wraaksugtig. Die geringste onreg wat teen hom gepleeg is, wil hy vergeld. As hy seergemaak is, wil hy die ander mens net so seermaak. Maar hy sal beter voel as hy die ander mens seerder kan maak as wat hy gekry het. Lameg se lied van wraak in Genesis 4 is die gesindheid wat in 'n mens leef wat hom nie aan die Here en sy Woord steur nie. Die Here waarsku egter die gelowiges om nie self wraak te wil neem nie. Die Here alleen sal wraak neem. In plaas van wraak neem, gee die Here aan die gelowige opdrag om sy vyand goed en vriendelik te behandel (Rom 12:19-20).

Haat is nog 'n gesindheid wat in die gevalle mens hoogty vier. Teenoor sy medemens is hy dikwels vol haat. Haat is die begeerte om die verhouding met die ander mens te verbreek. Moord is die daad wat hierdie verhouding verbreek.

Geliefdes, dit is vir ons nog gemaklik om oor hierdie dinge te praat asof dit net by ongelowiges gebeur. Maar hierdie dinge, soos wraak, afguns, haat en woede, is nie net dinge wat deur ongelowiges gedoen word nie. Selfs die mense wat al vir 'n lang tyd in hulle lewe Jesus Christus as hulle Verlosser bely, maak hulle soms skuldig aan hierdie dinge. Ja, ek en jy wat elke Sondag in die erediens is, maak onself ook dikwels skuldig aan hierdie dinge.

Daardie skewe antwoord wat jy vir jou vrou gegee het omdat sy nou iets gedoen waarvan jy nie hou nie, is jou manier om haar terug te kry. Daardie bytende opmerking, stilstupe of woedeuitbarsting val almal in by die dinge wat die Here in die sesde gebod verbied. Elkeen van daardie dinge wat ons doen, het ons gedoen omdat ons nie ons eie sin gekry het nie. En nou lyk ons ook nie meer so beskaafd as wat ons gedink het nie.

Die beeld van God lê aan skerwe in elke mens, alhoewel God selfs na die sondvloed nog sê dat die mens beeld van God is. God laat sy beeld in die mens nie stukkend bly nie. Daarom het die Seun van God na die wêreld gekom om sondaars te verlos sodat die Heilige Gees die beeld van God in hulle kan herstel. Christus het ook ten opsigte van die sesde gebod verlossing gebring.

Christus het die skuld wat gelowiges het teen die sesde gebod weggeneem. Ten opsigte van sy Vader het Christus sy volle taak uitgevoer. Hy was werklik die volmaakte Ambassadeur vir sy Vader op aarde. En in sy verhouding met ander mense het Christus altyd die voordeel van die ander mense bo sy eie belange gestel. Al was Hy moeg en honger, het Hy nie geïrriteerd geraak met mense en hulle geskel nie. Hy het nie seergemaak nie, maar heelgemaak wat stukkend is.

Oor die gelowiges se oortreding het Christus die volle wraak van God oor die sonde op Hom gedra aan die kruis. Hy het die haat en onreg van mense gedra. En deur sy Gees en met sy Woord is Christus tans besig om die sondige geaardheid van gelowiges te

verwyder en vernuwe Hy hulle. Christus wil dat elkeen vir wie Hy aan die kruis gesterf het volmaak die beeld van God sal vertoon.

Daarom kan elke ware gelowige nou weer 'n begin maak om met geduld, vredeliewendheid, sagmoedigheid, barmhartigheid en vriendelikheid teenoor ander mense op te tree. Mag die Here dit ook met hierdie kerk van Hom doen.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 9-4:1, 2, 3 (Sb 21)

- 1 Al sou 'k die skoonste taal kon spreek, / in eng'le-lofstem uit kon breek,  
en 'k had die liefde nie daarby, / dan was nogtans my stem en taal  
net maar 'n klinkende simbaal / wat harteloos sy klank verbrei.
- 2 Al had ek kennis, dat ek wis / al wat verborge<sup>n</sup>en donker is,  
die gawe van die profesie; / al had ek die geloof, ook dit,  
sodat ek berge kon versit, / en had daarby die liefde nie –
- 3 al deel ek al my goed're uit, / al gee 'k my liggaam self as buit,  
al laat ek dit verbrand tot as – / dan was dit net vergeefse vlyt,  
vergeefse moeite<sup>n</sup>en ydelheid, / wanneer ek sonder liefde was.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
19 Augustus 2018